
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

GEEN GROTER LIEFDE

Wanneer ons in Genesis lees van God se omgee en minsaamheid in Sy skepping van die mens, raak ons bewus van Sy diepe liefde en teerheid: **En die HERE God het die mens geformeer** (geskep) **uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword (Gen. 2:7**). Ons sien in die beskrywing, die pragtige vereniging van die goddelike asem van God, gekombineer met die Aarde se klei om die kroon van Sy skepping te vorm, 'n lewende menslike wese met wie Hy gemeenskap kon hê, en die mens kon 'n persoonlike verhouding met 'n persoonlike God hê. **1 Joh. 4:16** vertel ons dat **...God liefde is..!** Dit is Sy natuur, dit is in Sy karakter ingebou, en dit dui aan Wie Hy is.

Ons lees van Sy onvoorwaardelike liefde vir Sy volk in **Deut. 7:7-8: Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle lief gehad ..het...**

God se liefde wissel nie volgens hoe goed of sleg ons, ons gedra het nie, of "hoe Hy vandag mag voel nie", Sy liefde is konstant, omdat Sy hele natuur Liefde is. Sy ware hart is liefde. Ons, aan die anderkant, vind dit moeilik om die wat ons aanstoot gegee het lief te hê, en ons liefde verander dag na dag, afhangende van ons gemoedstemming, maar God se liefde is 'n keuse – dit is Agapé liefde wat konstant is **...God IS liefde..!**

Nie net is God se liefde konstant nie, maar dit is ewigdurend! Ons lees in **Jer. 31:3: Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.** Die Woord van God sê vir ons dat God ons lief gehad het terwyl ons nog sondaars was, onbeminlik en dood in ons oortredinge, **Rom. 5:8: maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.** Dus, as Hy ons tot die punt lief gehad het waar Hy gewillig was om Sy kosbare enigste gebore Seun Jesus vir ons te laat sterf, toe ons nog in daardie opstandige toestand was, kan ons verseker wees dat Sy liefde vir ons, Sy Kinders, Ewig sal wees. Wat verstommende liefde is dit, dat 'n Vader bereid sou wees om Sy Seun as 'n lewende menslike offer te gee, om die grusaamste dood te sterf sodat sondaars gered kon word! **Joh.3:16: Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** Ek wonder hoeveel van ons sou selfs die gedagte oorweeg om ons seun op so 'n afgryslike manier te laat dood maak, net sodat onwaardige sondaars vry kon gaan?! Tog is dit die liefde van ons Vader God! **Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes (1Joh. 4:10).**

Jesus het Sy troon, Sy heerlikheid en Sy majesteit in die Hemel opgegee om as 'n menslike wese Aarde toe te kom, om die prys te betaal wat net Hy kon doen om dit vir die mensdom moontlik te maak om met Vader God versoen te raak. DIT is nou liefde. Jesus is die uitdruklike beeld van die Vader soos ons lees in **Heb. 1:3** (Jesus) **Hy, wat die afskynsel is van sy** (die Vader se) **heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Geen groter liefde….)

Hy het gesê in **Joh. 10:30: Ek en die Vader is een.** Daarom het Jesus dieselfde karakter as Sy Vader, en dieselfde Agapé liefde. Hy het gesê in **Joh. 10:17-18: Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.** Niemand sou Jesus kon dood maak sonder Sy toestemming nie. Hy het GEKIES om na die kruis te gaan en vir my en jou te sterf, omdat Hy geweet het dat daar geen ander manier was waardeur die mens, wat vir die hel bestem was, gered kon word en verlossing kon ontvang nie. DIE UITERSTE DAAD VAN LIEFDE – van beide die Vader en die Seun. **Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:6-8).** Dit is die maat van Christus se liefde. Dit het letterlik alles vir Hom gekos wat Hy gehad het, nie net Sy vorige heerlikheid in die Hemel nie, maar Sy lewe, Sy kosbare heilige bloed is vir ons verlossing uitgestort. Mediteer op daardie Self offerdaad van liefde van Jesus, en weet dat dit die maat van God se liefde vir my en jou is. Ons ondervind 'n klein deel van wat ware offerliefde werklik is, as 'n ouer teenoor ons kind.

Paulus bid dat ons, as God se kinders, tot die kennis van so 'n liefde mag kom. Hy bid: **dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:16-19).** Dit sê omdat ons wat in die LIEFDE gewortel en gegrondves is by magte sal wees om die Liefde van Christus ten volle te verstaan en daarom gevul te wees met al die volheid van God! Die kind van God is in werklikheid in die liefde geplant wat alle kop kennis oortref, sodat ons die volle omvang van God se liefde kan ondervind. Die breedte, lengte, diepte en hoogte. Wanneer ons in hierdie liefde wandel en daarop reageer, beweeg ons in die VOLHEID van die geestelike ryk. Op hierdie manier bring jy die liefde van God binne jou omstandighede in. Wanneer ons nie in hierdie LIEFDE leef nie, kan ons nie die liefde van God verstaan nie. Ons mag God se Woord ken, maar ons vertaan die Goddelike Liefde eers wanneer ons dit prakties toepas. En ons kan dit doen omdat ons wedergebore is deur die Gees van God en nou Sy goddelike natuur het – wat Sy Agapé Liefde insluit. Ons lees van hierdie nuwe natuur, hierdie goddelike natuur wat ons het wanneer ons God se buitengewone groot en kosbare beloftes aan ons in Sy Woord toeëien. **Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is (2 Pet. 1:3-4).** Ons, wat nou Jesus se dissipels en kinders van ons Hemelse Vader is, het splinternuwe geaardhede, goddelike geaardhede, en is dus in staat om die soort liefde wat van ons Hemelse Vader en Sy Seun kom te vertoon. **Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword (2 Kor. 5:17).**

Dit word van die Apostel Johannes geskryf, **En een van sy dissipels, hy vir wie Jesus liefgehad het, het aan tafel teen die bors van Jesus gelê (Joh. 13:23).**

Aan Johannes , die geliefde, was die Openbaring van Jesus deur 'n Engel gegee, en hy het die boek Openbaring geskryf, maar hy is ook die skrywer van die Sendbriewe van Johannes. Hy was duidelik baie naby aan ons Here Jesus Christus, en het geweet wat op Sy hart was, dus moet ons met groot erns hierdie geïnspireerde woorde beskou wat hy neergepen het in **1 Joh. 4:7-21: Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Geen groter liefde…)

ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.

En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is-God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Die Christen wandel is nie een van godsdienstige oefeninge nie, 'n lys van moets en moenies nie, dit is gebaseer op verhoudings! Dit is gegrond op God se liefde vir ons en ons liefde vir Hom en vir mekaar. Dit is waarom Hy sê dat Hy ons Hemelse Vader is, ons is in die gees verwant aan Hom. Ons kan Hom Abba Vader (Pappa) deur die Heilige Gees noem. **En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! (Gal. 4:6)**

Toe 'n prokureur die vraag gevra het wat die belangrikste gebod is, **het Jesus hom geantwoord: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Matt. 22:37-39).** Jakobus, Jesus se broer verwys hierna as die KONINKLIKE WET, hy sê in **Jak. 2:8: As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself-dan doen julle goed.**

Dit is belangrik dat jy op hierdie punt 1 Kor. hoofstuk 13 lees, vir 'n volle begrip van wat liefde werklik is.

Om die Christen lewe te leef, is om 'n lewe van verhoudings te leef gebaseer op liefde. Jesus het 'n tree verder gegaan toe Hy Sy dissipels die beginsels van om in die liefde te wandel geleer het, toe Hy gesê het; **Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? (Matt. 5:43-46)**

By die laaste Paasmaal wat Jesus met Sy dissipels gedeel het op die nag voor Hy gekruis is, het Hy vir hulle gesê, **'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het (Joh. 13:34-35).** Jesus het geweet dat as Sy dissipels op hierdie manier kon liefhê, daar geen nodigheid vir enige van die ou wette sou wees nie, omdat die Wet van die Liefde al die ander vervang. **(Rom. 13:10) Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet.**

Die nuwe wet wat Jesus net voor Sy kruisiging ingestel het, is werklik 'n gebod – dit is nie opsioneel nie. Ons lees in **1 Joh. 4:20-21: As iemand sê: Ek het God lief-en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.** Jesus sou nie gevra het dat ons iets moes doen wat Hyself nie as 'n voorbeeld vir ons om te volg, gedoen het nie, Hy sou ook nie van ons verwag het om dit in ons eie krag te doen nie. Hy het die Heilige Gees gestuur om in ons te woon om ons in staat te stel om die Christen lewe te leef. **1 Kor. 6:19: Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is..** En **Rom. 5:5** sê vir ons **.... omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.** Die liefde wat ons nodig het om in die Liefde te Wandel, kom direk van God en is aan ons gegee deur die Heilige Gees Wie in ons woon en ons in staat stel om dit te doen! Ons het dus geen verskoning om nie te kies om op 'n daaglikse basis in liefde te opereer nie. Ons lees in **1 Pet. 4:8: Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.** Ons moet onsself meer dikwels in die ander persoon se plek plaas, en reageer teenoor hulle soos ons begeer dat hulle teenoor ons sal reageer as ons in hulle skoene was. **En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is**

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Geen groter liefde)

nie, en nie onsself te behaag nie. Want elkeen van ons moet die naaste behaag met die oog op wat goed is tot stigting. Want ook Christus het Homself nie behaag nie, maar soos geskrywe is: Die smaadhede van die wat U smaad, het op My geval (Rom. 15:1-3).

Jy mag wonder hoe dit moontlik is om 'n persoon lief te hê wat in totale rebellie teen God is, 'n sondige lewe leef, vol woede met 'n verslawing aan drank misbruik is? Of iemand wat jou of 'n geliefde gemeen behandel het? Dit is nie maklik nie, maar dit bly 'n keuse, want God se soort Liefde is Agapé Liefde – ons kies om lief te hê. Ons is egter nie lief vir DIE SONDE nie, maar vir DIE PERSOON – OMDAT DIE Woord ons vertel in **Ef. 6:12: Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.** Ons is nie teen individue nie, maar teen bose geeste wat deur hulle werk, en waaraan hulle gebonde is.

ONS MOET DIE SONDE HAAT, MAAR DIE SONDAAR LIEF Hê omdat Jesus dit vir my en jou gedoen het! Ons moet ons eie lewe vir hulle neerlê deur gebed en vas, sodat hulle bevry kan word van die kettings en bindinge van Satan, en sodat hulle die Here Jesus kan leer ken en die oorvloedige Lewe kan leef waarvoor Hy gekom het om vir hulle te bring. In 'n daad van uiterste, buitensporige liefde, het Jesus Homself vir my en jou neergelê, nou wil Hy hê dat ons dieselfde vir ander moet doen. Die soort Liefde van God, het vir die Vader en die Seun 'n prys gekos, maar dit was 'n prys wat hulle moes betaal en as ek en jy nabootsers van Christus gaan wees, sal dit ook vir ons 'n prys kos. O, maar die vreugde wat gehoorsaamheid bring – die beloning is so groot! Wanneer jy die resultate sien wat die neerlê van jou lewe vir 'n ander kan bring – niks kom naby die vreugde wat jy ondervind nie en, bo dit alles, bring dit baie eer aan die Vader in die Naam van Jesus Sy Seun. Liefde oorwin alles, en dit oorwin alle boosheid. Daar is geen krag op aarde sterker as liefde om Satan te verslaan nie. Dit is wat Jesus gebruik het om hom aan die kruis op Golgota te oorwin.

En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. GOD IS LIEFDE; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom (1 Joh. 4:16).

Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur (Ef. 5:1-2). ●

THE MEASURE OF FAITH

Faith can actually be perceived in a person through their behaviour, speech and action, even when they are simply just displaying a quiet, but determined trust in the Lord.

In James chapter 2 we read in verse 18: **Yea, a man may say, Thou hast faith, and I have works: show me thy faith without thy works, and I will show thee my faith by my works.** Faith can actually be perceived in a person through their behaviour, speech and action, even when they are simply just displaying a quiet, but determined trust in the Lord. Faith is always evident, and often infectious by way of testimonies.

Many sincere Christians ask the question: How can I have real faith? They know that healing as well as other blessings from the Lord are received by grace through faith, but are not sure how to have this necessary faith in order to receive. Some people frantically try to MAKE themselves believe and end up under condemnation or in despair. The truth is, that faith is not an emotion. Just as we cannot be happy through trying to "feel" happy, we cannot acquire faith by trying to "feel it" or "work it up". In order to believe, we need to ask the Lord Jesus to quicken His Word and His promises to us. The Lord's written Word becomes a reality when we read and meditate and act accordingly upon it, and trust Him to bring it to pass, as His Word promises He will do. Is. 55:11: **So shall my word be that goeth forth out of my mouth: it shall not return unto me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper in the thing whereto I sent it.**

The Bible tells us that "to each of us has been given the measure of faith". This measure of faith enables us to act upon the Word of the Lord when we hear the message of Salvation, (the Good News that Jesus saves repentant sinners), and reach out in trust to receive redemption through Jesus. God's Word, the incorruptible Seed (1 Pet. 1:23) and your measure of faith bring about the New

(Continued on page 5)

(Continued from page 4- The Measure of Faith)

Birth (Rom. 10:9-10). My personal definition of faith is to read and believe what the Lord Jesus commands, and then to do what He commanded, and start thanking Him for the answer.

The Measure of Faith

This measure of faith that is given to every man according to Rom. 12:3, depends for its growth upon how it is nourished and this nourishment depends on us. Often people surround themselves with things that attack and weaken their faith. They fix their eyes on people who have failed to receive rather than those who have succeeded! In other words, their eyes are on circumstances rather than the Lord's promises. Very often the literature they read, TV they watch or council of friends they receive (Job's comforters) undermine rather than build their faith. No wonder then that some people have weak faith in a time of crises and are unable to overcome.

Fellowship with those who have faith

We know that the disciples of Jesus did not start with great faith because it is recorded that they were often amazed at what Jesus did. In Matt. 8:27 we read that they marvelled when Jesus calmed the storm and remarked on the manner of man that He was, for even the winds and the waves to obey Him! As they continued to walk with Jesus, and remain with Him in situations where He displayed faith and victory over the power of the enemy, they were soon moving out in faith with the same victorious results. It is recorded that people knew from whenst this faith and power of the disciples had come, because in Acts 4:13 we read **"They marvelled; and they took knowledge of them that they had been with Jesus.:** Thus we see that one of the most important steps that can be taken to nourish faith is to fellowship with those who have faith. Some people who come for healing often want an instant miracle and yet have no desire to sit under the preaching of the Word, services where the Word goes forth to build the faith necessary for them to receive healing. We have to our regret come across some who want instant healing so that they can be on their way and continue in more or less the same spiritual condition they were in when they came. No wonder some are disappointed.

Faith comes by hearing the Word of God

We do not however build our faith on the experience of others or on their faith, or even on the improvement that exists after the prayer of faith for healing has been prayed, but rather upon The Lord's eternal Word, which is forever established. The Bible tells us that **"Faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God."** Rom. 10:17. Jesus taught His disciples and through His teaching their faith was nourished. This same teaching is available to each one on us today and will nourish our faith. In Mark 6:1-6 we read that in Nazareth Jesus could do no mighty work except to heal a few sick people and He marvelled because of their unbelief. So, He went about the villages teaching! He knew that their level of faith depended on the amount of teaching they received. Feed on the Word of the Lord so that in an hour of need it can become your strength. It is through your faith in His Word and His ability to perform it, that healing takes place. Psalm 107:20 says: **"He sent His Word, and healed them."** We need to memorize Scriptures pertaining to divine healing and then say, as Jesus did, when Satan came to Him to tempt Him in the wilderness, **"It is written, thou shalt not tempt the Lord thy God" Luke 4:12.** Jesus said you call me Lord, Lord and do not follow My instructions. (Luke 6:46)

Doubt and unbelief

As humans we sometimes forget past answered prayer which gives us faith for the future. An example of this is when Jesus said to His disciples, who were reasoning among themselves, **"oh you of little faith, why reason you …. Do you not yet understand neither remember the five loaves of the five thousand and how many baskets you took up? Neither the seven loaves of the four thousand and how many baskets you took up?"** Math. 16:8-10. Jesus was in fact saying, "you have witnessed a miracle of provision and yet you still reason and doubt. Why not live in the realm of faith, where all things are possible?" It is also amazing that human nature in its perversity; having witnessed mighty works and miracles of the Lord, still persists in doubt

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - The measure of faith)

and unbelief. The Word tells us **that all things are possible to those who believe.** (Mark. 9:23) It also tells us in Mark 11:23-24: **"that whoever says to this mountain be removed and cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says. Therefore I say to you, whatever things you ask when you pray, believe that you receive them and you will have them."**

The writer of Hebrews refers to those in unbelief as having an EVIL heart of unbelief (Hebrews 3:11). The Lord looks at lack of faith as a sin. Therefore we should consciously pursue the need to walk in faith and let is shine forth from our lives, so that others may perceive it and benefit thereby.

Faith through Obedience

Some people who have been disobedient to the Lord, or negligent in their Spiritual walk with Him, have no confidence when it comes to asking Him for healing or some other blessing. Their faith is weak because they are unable to come in boldness to His throne with their petitions. In 1 John 3:22 we read: **And whatsoever we ask, we receive of Him, because we keep His commandments, and do those things that are pleasing in His sight.** John is saying, that if our heart does not condemn us, then we have confidence towards the Lord. Many cannot have that confidence simply because they are not doing those things that are pleasing in His sight. They are at warfare with their own conscience. The Lord requires that we should walk daily in the light as He is in the light. If our conscience does not condemn us, we find that we have the boldness to approach Him in faith. A walk in humility before the Lord is an essential requirement and also a sure foundation to a strong faith in Him. **Heb 10:22-23: Let us draw near with a true heart in full assurance of faith, having our hearts sprinkled from an evil conscience, and our bodies washed with pure water. Let us hold fast the profession of our faith without wavering; (for he is faithful that promised)** Unforgiveness towards others is possibly one of the greatest obstacles to answered prayer. Because Jesus forgave us, we are obliged to forgive – vengeance is the Lord's prerogative. Jesus warns us that if we do not forgive, He will not forgive us, and that barrier of the sin of unforgiveness separates us from the Lord.

Fearlessness and Boldness

Fearfulness is a sin just like any other, and the Bible tells us; that which is not of faith is sin. **Rom 14:23: And he that doubteth is damned if he eat, because *he* eateth not of faith: for whatsoever *is* not of faith is sin.** Sin always brings punishment. In Revelation 21:8, we read that **"the fearful and unbelieving will be found outside the gates of the City of God".** Many a Christian has lost out to the enemy because of fear of the devil more than the fear of the Lord. Jesus said that the enemy had nothing on Him, so if our hands are clean and our lips pure we can boldly rebuke the devil with the Word. **John 14:30: Hereafter I will not talk much with you: for the prince of this world cometh, and hath nothing in me.**

Heb. 4:16: Let us therefore come boldly unto the throne of grace, that we may obtain mercy, and find grace to help in time of need. Obviously we do so in the Name of Jesus, in which is invested great authority and power. And when we use this Name in reverence and with boldness with faith and praise, it will cause the enemy to flee. So let us arise and withstand the enemy, in boldness with clear consciences. It is easy to have faith when things are going well, but we must remember not to doubt in an hour of trial.

Remember that faith is simply TRUSTING the Lord to do what His Word says He will do, if we are prepared to do what He has commanded of us. This passes our intellect and all humanism. His Word says that unless we become as little children, we will not see the Kingdom of God. As an earthly father, if I promise my son a bicycle for his birthday, he believes my words and acts upon them. He immediately thanks me with great enthusiasm and joy, and then runs out and tells the good news to all his friends. It is interesting to note that he does not even entertain the possibility of the promise not being fulfilled. He does not even consider whether or not I

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - The Measure of Faith)

have sufficient finance. The fact that he has not yet seen the bicycle does not affect his excitement. This is childlike faith in his father's word, and earthly fathers are sinners and can fail, but our Lord will never fail us, His Word is yea and amen, it is dependable and He is not a man that He should lie. We can with absolute certainty trust His Word completely, and when we do this He knows it, and it pleases Him to bring it to pass in our lives and circumstances.

Our words reveal what we Believe

We read in Romans 10:10-11: **For with the heart one believes to righteousness, and with the mouth confession is made to salvation. And whoever believes on Him, will not be put to shame.**

It is a fact that, that which we really believe, we will confess with our mouths, be it positive or negative. You only have to listen to a person's speech in order to know what that person believes, for. Jesus said in Luke 6:45: **A good man out of the good treasure of his heart bringeth forth that which is good; and an evil man out of the evil treasure of his heart bringeth forth that which is evil: for of the abundance of the heart his mouth speaketh.**

When we truly believe the Lord's promises the first indication of that belief will be what we say in response to that promise. My son's immediate response to the promised bike was, "Thank you Dad!" and our response to the Lord's promises to heal or supply in our need should be a very big and grateful "Thank you!" Thereafter we should speak about that which is promised, not with the purpose of trying to convince ourselves or others, but in demonstration of our true belief in our Lord's ability to fulfil His promises. Regarding His eternal Word, our stand point should forever be "The Lord said it, I believe it, and that settles it!" and that simply put – IS FAITH. ¨ ●



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Jesus Christus was die grootste geskenk wat Vader God aan die wêreld gegee het om ons te red en ons vry te maak van sonde. Hieroor is ons elke dag van ons lewens dankbaar, soos ons besef hoe lief ons Hemelse Vader ons het. Ons Hemelse Vader gee egter ook om oor elke detail van jou lewe.

Ons lees in Johannes 21 verse 9-12: **En toe hulle geland het, sien hulle 'n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood. .... Jesus sê vir hulle: Kom eet!"** Hierdie insident het my laat besef dat ons God nie net belangstel in die groot dinge wat ons beïnvloed nie. Hy is ook begaan en gee om oor die klein dingetjies wat ons beïnvloed. Daar is niks te onbelangrik vir Hom nie. Moet dus nie soos sommige godsdienstige mense wees wat die idee het dat God wil hê dat ons net die groot probleme na Hom moet bring, en dat Hy nie wil hê dat ons Hom met die klein dingetjies moet pla nie.

Niks kan verder van die waarheid af wees nie. God gee om vir alles wat jy ondervind, van die klein koorsblaar in jou mond tot jou bekommernis oor die wêreldekonomie. Selfs wanneer jy Hom vertel van die ongemak wat kan ontstaan as die bus laat is, Hy gee aan dit ook aandag. Inderwaarheid, wanneer jy dikwels na Hom kom oor enigiets en alles in jou daaglikse lewe, komplimenteer jy Hom omdat jy Hom vertel dat Hy jou Pappa God is wat oor jou waak.

Jesus het die Vader se hart en wil verteenwoordig toe Hy op aarde was (Joh. 5:19). Hy het omgegee toe Sy dissipels die hele nag op die see was, koud en bewend. Hy het omgegee toe hulle daardie nag niks gevang het nie (Joh. 21:3). Hy het omgegee omdat hulle nie vis sou hê om te verkoop nie. Dus het Hy hulle 'n groot vangs gegee die volgende oggend (Joh. 21:5–6). Hy het geweet dat hulle koud en honger was, dus het Hy ontbyt vir hulle voorberei, bedien oor 'n koolvuur om hulle warm te hou.

Jesus het ons gewys dat God ons liefdevolle hemelse Vader is wat omgee oor die groot en klein dinge, wat elke dag in ons lewens gebeur. Niks ontgaan God se oë, omdat Hy jou liefhet!

God stel nie net belang in die groot dinge wat ons affekteer nie. Hy doen moeite en gee ook om oor die klein dingetjies.

Weereens baie dankie vir julle aandeel in die werk van die Here hier by die Sentrum. Ons vertrou dat julle 'n wonderlike vakansie as familie saam sal hê en bid vir julle regdeur die vakansie seisoen, dat die Here julle sal beskerm, veral wanneer julle op reis is en dat Hy op elke moontlike wyse vir julle sal voorsien.

Baie liefde groete.

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke.....

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

BAIE DANKIE, JULLE!!!
Melanie was vandag by die chirurg. Die groeisel het verdwyn. Dit is weg!!!!! LOOF DIE HERE!!!!!!!
Sal jul asb. so gaaf wees om ook te bid vir my (Zonja) se rug, asook my dogter, Bianca se rug. Ons sit al twee met rugbeserings.
Loof en Prys HOM!!!!!!!
Baie dankie. Groete,
Zonja Minny

Liewe Meg en gemeente,
Baie dankie vir al u en die hele Christelike sentrum se gebede. Ek het op 14 Februarie 2015 vir u 'n gebedsversoek gevra vir my suster Lizette wat gediagnoseer is met graad 4 kanker. Dit het 5 jaar gelede begin met borskanker en versprei na haar maag en rug. Sy het verlede Vrydag weer gegaan vir haar bloedtoetse en groot was haar verbasing toe haar dokter vir haar sê dat haar bloedtelling vir die eerste keer vandat sy diagnoseer was met kanker normaal is. God het verseker weer vir ons gewys dat net Hy wonderwerke kan verrig. Baie dankie!!!!!!!! Vandag het ons weer u gebede nodig vir haar man Louis wat baie siek is. My suster is ongelooflik gelowig en baie sterk, maar sy gaan deur te veel beproewings. Asseblief sal u saam met ons bid vir Louis dat hy genees sal word en ook vir krag en leiding vir my sus Lizette. Mag God se genade met ons almal wees. Nogmaals baie dankie Meg en die hele wonderlike Christelike gemeente.
Liefde groete
Marietjie Hattingh, Sinoville

Liewe Meg en gebed span
Baie, baie, baie dankie. Ons waardeer u gebede opreg. Ek wil net ook graag baie dankie sê vir die gebede vir my suster se man Louis wat meer as 'n maand in ICU was. Hy is gister ontslaan. Dit was sowaar 'n wonderwerk wat gebeur het.
Alle eer aan God!!
Marietjie

U gebed vir een van my "seuns" wat 'n probleem met alkohol gehad het, is onmiddellik verhoor. Terselfdertyd het die Vader die kraakbeen in beide sy knieë teruggeplaas. Die Here se goedheid het ons asems weg geslaan. Dae later het ek gevra dat u asb. sal bid vir sy jig-probleem. Sedertdien het hy nog nie weer oor die pynlike siekte gekla nie. Die Here is groot en barmhartig en ons loof Hom met alles wat in ons is, sy heilige Naam (Ps. 103).
Liefde en seën. Ons bid elke aand vir u vir krag, leiding en volharding.
Tannie Poppie, Witbank


- NEW BOOK -

NEHEMIAH

A PRACTICAL GUIDE TO CHRISTIANITY

by Pastor David Gericke @ R45.00 per copy

A step by step teaching on how to overcome the opposition facing every Believer. Nehemiah's vision, faith, warefare and perseverance shows us how to succeed through prayer.



GOD WIL Hê DAT SY KINDERS GESOND EN VOL BLYDSKAP MOET WEES

Joh.14:9: Jesus sê vir hom: Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.

Dit verstom my dat daar nog steeds Christene is wat glo dat hul Hemelse Vader siektes, ongelukke, aardbewings en dood vir mense gee om hulle lesse te leer. Maar Jesus het gesê: " As julle My gesien het, het julle die Vader gesien." Jesus is God se natuur in aksie. Regdeur die Evangelies sien ons Jesus of God rondgaan en die siekes genees. As God sommige mense siek wou hê, sou ons tenminste een insident in die Evangelies gekry het waar jy sien dat Jesus sê: " Kyk jou gelaat is te mooi, ontvang melaatsheid" of "Blindheid is goed vir jou. Bly blind." Maar nie eers een keer nie! In werklikheid het Jesus " die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was" (Hand. 10:38). Dit is God se hart. Dr James het altyd gesê dat hy nooit 'n dokter sou geword het as hy gedink het dat God sommige mense wou genees en nie ander nie. Hoe sou hy ooit kon weet watter God wou genees? En as hy die behandel het wat God met 'n doel siek gemaak het, sou hy teen God se wil gaan!

As 'n vader, as jou kind siek en in pyn is wil jy hom net gesond hê. Hoeveel te meer jou hemelse Vader! My vriend, God gee nie 'n siekte vir jou kind om julle albei 'n les te leer of om Homself te verheerlik nie. Om so te dink is om uit 'n verdraaide denke te spreek gebind deur godsdiens! Die Christendom is nie 'n godsdiens nie. Dit is 'n liefdevolle verhouding met jou Vader in die hemel.

"My wens is nie dat jy siek moet wees nie. Ek sal nie jou kind wegneem nie of 'n motorongeluk laat gebeur om jou 'n les te leer nie. My hart wil altyd hê dat My kinders gesond en vreugdevol moet wees!" As jy gesondig het leer die Bybel ons in 1 Joh. 1 vers 9, dat as ons, ons sonde bely, is Hy getrou en regverdig om ons sonde te vergewe en ons te reinig van alle ongeregtigheid. ●